H E S Woldring. TUSSEN HANDELINGSVRIJHEID EN GEDRAGSBEHEERSING. Een sociaal-filosofische studie over de vrijheid tot en de be= heersing van het sociaal handelen in de sociologische teorie. Van Gorcum, Assen, 1976.

In hierdie werk ontleed die skrywer vanuit sosiaal-filosofiese perspektief die vraagstuk aangaande die verhouding en spanning tussen die vryheid van die sosiale handelinge van die individu, enersyds, en die beheersing van sodanige gedrag deur die struk= ture in die samelewing, andersyds. Die genoemde verhouding en spanning word in die eerste twee dele van die boek aangetoon soos wat dit gestalte vind in die sosiologiese benaderings van Max Weber en Emile Durkheim, die kritiese teorie van Max Horkheimer en Theodor Adorno as verteenwoordigers van die Frankfurtse skool, en die strukturalisme in die sosiaal-antropologiese beskouings van Claude Lévi-Strauss. Daar word in hierdie verband duidelik gewys op variasies van beskouings oor rasioneel-beheersde gedrag van die mens en 'n situasie in die samelewing wat ontplooiings= moontlikhede vir die vrye, selfstandige individu inhou. Hierbe= newens word aangedui dat daar verskillende mengvorme tussen hier= die twee polêre standpunte voorkom.

In sy verantwoording van 'n eie mensbeskouing tree die skrywer in die derde deel van die boek in gesprek met anders-georiënteerde sosioloë oor enkele fundamentele probleme t o v die beoefening van die sosiologie as vakdissipline, soos A W Gouldner, P L Ber= ger en Th Luckmann, P J Bouman en A C Zijderveld. Die skrywer besin prinsipieel oor 'n Christelike uitgangspunt t o v mens-, lewens- en wetenskapsbeskouing. As agtergrond t o v die ter sake vraagstuk word aan die hand van enkele bekende sosioloë in die derde gedeelte van die boek verder ook hooflyne van die studie- terrein van die sosiologie, asook van enkele maatskaplike en kul= turele vorme van konkrete samelewingsverhoudinge, soos die simbo= liese interaksionisme, op kritiese wyse aangetoon.

Vanuit sosiaal-filosofiese perspektief besin die skrywer deur= gaans in die boek op wetenskaplik-verantwoordelike wyse oor etie= se en kultuur-filosofiese probleme rondom die ter sake vraagstuk, en redeneer hy ten slotte in die derde deel van die boek self= standig en verwysende na onder andere die beskouings van Popma, oor die moontlikheid van 'n toekomsperspektief in die sosiologie. In hierdie verband is hy van mening dat 'n "fabrilistiese" same= lewing en benadering in die sosiologie plek moet maak vir 'n etiese en religieuse perspektief, waarin dit gaan om die bevorde= ring van die menslikheid en ontplooiingsmoontlikhede van die mens in sy samelewing teenoor 'n fabrilisme waarvolgens dit nie tot sy reg kom nie. In hierdie verband spreek hy die hoop uit dat die sosiologie van die toekoms 'n nuwe, gebalanseerde benadering t o v die verhouding tussen handelingsvryheid en gedragsbeheer= sing sal openbaar.

In hierdie proefskrif ontleed Dr Woldring 'n sentrale vraagstuk in die sosiologie op 'n wetenskaplik-verantwoordelike wyse, en is hy, by wyse van omsigtigheid en wetenskaplike skerpsinnigheid op soek na 'n alternatiewe benadering teenoor bestaande eensydige teoretiese benaderings oor die ter sake onderwerp in die sosiolo=

gie. As sodanig open hy verdere horisonne vir diskussie oor 'n besonder kontroversiële onderwerp, en lewer hy 'n stewige bydrae tot die filosofie en die sosiologie.

C W Bester

Marié Heese. DIE UURWERK KANTEL. Tafelberg, 1976. Prys R5,95

Hierdie eerstelingroman gee blyke van vaardigheid en besondere skryfvermoë en is 'n mooi aanwins vir ons letterkunde.

Dis die verhaal van Maria, vanaf haar vyfde jaar as kind op 'n wynplaas in die Kolonie, tot haar tagtigste jaar as sy in die hospitaal lê. Die lang tydperk word nie jaar vir jaar gedek nie; die skryfster maak 'n keuse van tydperke wat in die volksgeskie= denis van groot belang was en gebruik hierdie jare (1897-1913, 1915-1923, 1939-1949) dan as noukeurig nagevorste agtergrond vir die verhaal van die hoofkarakter. Slegs deel iv (1972 - ?) word as sluitstuk gebruik vir die lewe van die ou vrou as sodanig; hier het landsgebeure (tereg) geen invloed meer op haar nie.

Die derdepersoonsvertelling word gedurig onderbreek deur kursief gedrukte kommentaar, sonder leestekens, van die ou vrou wat later terugkyk op haar lewe. Daarby word ook van onmiddellike bewussyn= stroom in die eerste persoon gebruik gemaak. Dis 'n slim tegniek om afwisseling te verseker (hoewel die twéé soorte bewussynstroom, albei leestekenloos, mettertyd vir die leser vermoeiend mag word). Die laaste gedeelte bestaan slegs uit direkte gedagtes, in prosa= verse gegee. Verdere afwisseling word verkry deur gebruikmaking van Engelse dialoog en die inspeel van Hollandse Bybelgedeeltes, ook die Middelnederlandse Egidiuslied wat 'n aangrypende klein leitmotiv word.

Maria is 'n spesifieke mens wie se karakter, veral in haar kin= dertyd, goed gebeeld word. Maar sy is ook (en daarop dui haar naam) prototipe van enige Afrikaanse vrou wat in dié bepaalde tydperk geleef het - daarom word gekonsentreer op die universele vroulike belewenisse: ontwaking van liefde, die huwelik, geboorte van kinders, kennismaking met die dood op verskillende maniere. Maria wou graag iets besonders doen in haar lewe, maar algaande leer sy dat die doel van haar lewe lê in die ideaal wat die skool= hoof vir hulle gestel het: To be of service. Sy berus daarin en weet op haar siekbed met volkome aanvaarding: "maar toe dit oestyd was/toe kon ek vrugte gee" (p. 22).

In haar uitstekende hantering van die taal lê die skryfster se groot verdienste. Sy gee lewendige dialoog, teken pragtige karak= ters soos tant Mieta wat by siekbeddens help en Trui wat altyd regvat in die kombuis; deur die taal leef elke insident en word atmosfeer geskep. Daar is afwisseling tussen gebeurtenisse wat aangryp (die dood van 'n kind) en ander waaruit geestigheid en humor straal (die dronk Kleurling Gert bo in die boom).

Dus: 'n bevredigende en verrykende werk.

Elsabe Steenberg

André P Brink. 1976. DIE HAMER VAN DIE HEKSE. 'n Drama in ses episodes gebaseer op *Die heks* van C L Leipoldt. Kaapstad, Tafel=berg. Prys R4,75.

Die aanwins van hierdie sinvolle omwerking van Brink bo die oor=spronklike van Leipoldt geld tegniek sowel as diepte, maar dan kan 'n dramaturg natuurlik meer bereik in ses episodes as in drie. Brink het naamlik Leipoldt se drie tonele gebruik as kerne vir sý drama se derde, vierde en vyfde episodes en die veroordeling van D'Orilla se vrou en dogter binne die groter, verhelderende raam=werk van die klag van kettery teen die twyfelende Greta en ver=dorwenheid van Di Civigni, Legaat van die Pous, 'n egte Brink-karakter wat bygevoeg is. Tegnies word daarmee die ou beswaar teen die Leipoldt-stuk, naamlik swak gemotiveerde en handelings=lose ondergang van die hoofkarakter uitgeskakel.

Brink laat die Kardinaal herstel nadat hy sy eie vrou en dogter as gevolg van 'n onmenslike tradisionele stelsel op die brandsta=pel laat sterf het. Leipoldt se derde toneel word naamlik aange=vul met 'n konfrontasie tussen die twyfelende, denkende kardinaal D'Orilla en die Legaat as handhawer van die stelsel. Voor die dreigemente van hierdie man swig die Kardinaal om selfbehoud - 'n aanduiding van die gevaar van verabsolutering van 'n orde. Die knotting van vryheid deur die gesag van tradisie word dramaties verwerklik in die veroordeling óók van Greta weens die kettery van twyfel, met die ironie dat hy wat veroordeel, self twyfel en self uit vrees vir oordeel handel. En 'n ander oplossing as dié sou anachronisties gewees het; daarom spreek die lig wat wil-wil deurbreek in 'n eeu waarin bygelowiges uit die volk soos Hans Swieten en Andreas Brummer se verdoemende getuienis aanvaar word, des te kragtiger: "Twyfel ons aan die Kerk, dan twyfel ons aan alles. Dan het ons duisend jaar verniet bestaan. Die waarheid is ... Nee. Wat die waarheid is, is nie ter sake nie ... mag God ons genadig wees." Daarmee word die aksent verskuif van die meer persoonlike in die werk van Leipoldt na die universele in die drama van Brink.

*Die hamer van die hekse* is van besondere literêr historiese waarde omdat dit as't ware 'n posisie langs *Die heks* inneem. Daarbene=wens bied hierdie "improvisasie" interessante geleentheid tot ver=gelyking van die dramaturge se benadering van dieselfde probleem.

D H Steenberg